NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

tamsotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

July 2009 **Julie 2009**

www.ptawoodworkers.com

Redaksioneel

Ek hoor vanoggend dat die mense op die radio van mening is dat die jaar nou amptelik halfpad verby is! Dit voel soos gister toe ek nog gewonder het wat ek vir my kleinkinders vir kersfees moet kry. Dit laat my ook besef dat die jaar van die Vereniging nog verder daarmee heen is aangesien ons hoogtepunt mos eintlik in Oktober is. Dit laat my ook wonder of ek nog al die goed, soos vir projek plank, en vir die uitstalling, gaan klaarkry. Dit is deesdae tog so lekker om vorentoe te kyk en te dink daar is nog baie tyd om klaar te maak, maar dit is tog te snaaks hoe die tyd 'n mens kan inhaal!

At our last two meetings we had speakers, who touched on subjects that can be seen as remotely connected to woodworking. However, as far as my tastes are concerned, these two occasions were outstanding highlights on our calender. I feel very sorry that I am not capable to do real justice to these two gentlemen when I report on their talks. I hope that it will be sufficient to congratulate the committee in getting us exposed to such entertaining and quality talks!

'n Groot groep van ons draaiers is nou op pad na die draaierskongres in Pietermaritzburg. Hierdie jaarlikse geleentheid het nog telkens gedien as 'n nuwe aansporing om ons mense se draaiwerk na hoër hoogtes te neem. As ons maandeliks so kyk na die werk wat deur ons lede gelewer word, wonder 'n mens soms waar dit gaan eindig. Wat wel baie duidelik is , is die feit dat ons tans 'n paar draaiers in ons geledere het wat vir min mense hoef terug te staan. Ons wil dus die kongresgangers alle sterkte toewens!

Programme for July

- 2-5 July:AWSA kongress in Pietermaritzburg.
- Thursday- Friday 16 – 17 July; Nick Agar from the Uk will visit The Woodworking Association of Pretoria. He will demonstrate some of his work At Carel van der Merwe's workshop on the afternoon of 17 July.(More detail in ***Turner's Corner.)***
- Wednesday, 22 July, at 18h00: The turners will have their meting at Piet Smith's workshop. For further detail, see the turner's corner.
- Wednesday, 29 July, at 18h00: Monthly meet at the Botany Laboratory, University of Pretoria.

Vorige maandvergadering

Die vergadering is, soos gebruiklik, afgeskop met administratiewe reëlings. Die belangrikste hiervan is die volgende:

- Almal is weer eens daaraan herrinner dat Projek Plank tydens Augustus se vergadering aangebied word. (Die maak van ‘n gebruiksitem vir die kombuis.) Ons moet ook poog om die aand net so suksesvol soos laas jaar te maak .

- Op 19 September, vanaf 09h00 tot 11h30 sal ons die 20 jaar van ons Vereniging se bestaan met ‘n ontbyt vier. Die geleentheid word aangebied by die O’Galito restaurant. Die koste hieraan verbonde sal R49 per persoon beloop, waarvan die verenignig R25 sal subsidieër! Dit word vertrou dat ons ‘n groot groep by die geleentheid sal kry. Daar word beplan om heelwat in die oggend se program in te bou. Lede moet teen nie later nie as die maandvergadering van 26 Augustus hul bywoning bevestig deur hul deel van die ontbyt se kostes aan Dries du Toit te betaal.

- Saterdag 17 Oktober is die dag van ons uitstalling. Mense, werk nou reeds daaraan om jou inskrywings klaar te kry, en om al jou familie en vriende uit te nooi om tog maar te kom kyk wat ons doen!

Na bogenoemde afgehandel is, het Prof Erik Holm aan die beurt gekom met sy fasinerende praatjie oor houtboorders. Dit is vir my so jammer dat dit so moeilk is om die hele gees van die aanbieding te kan weergee. Dit is so mooi dat ‘n entoesias soos Prof. Erik, dit kan regkry om ‘n mens simpatie te laat kry vir ‘n “pes” soos ‘n rysmier, wat seker al vir baie van ons skade berokken het. As ‘n mens diè nasie se plek in die ekologiese-sisteem beter verstaan en weet hoe vindingryk so ‘n miernes eintlik is, sien ‘n mens hulle in ‘n baie meer vriendelike lig.

Die torre, en die se larwes, het na die rysmiere aan die beurt gekom. Dit is verstommend om die hoeveelheid en verskeidenheid van torre te sien. Wat veral opgeval het is die feit dat hierdie diertjies so lank kan leef. (Die rekord vir een so ‘n larwe is 60 jaar?) Dan is daar die kwessie dat hulle eenvoudig aanmekaar vreet en vorentoe beur. Geen omdraai of uitdraai kans nie. Hulle gangetjies, wat hulle sodoende uit die hout vreet, kruis ook nie- moontlik deur die feit dat hulle met mekaar kan kommunikeer ten einde te verseker dat hulle nie per ongeluk mekaar gaan raak vreet nie!

Prof Erik aan’t vertel.

Die hele bestaan van hierdie insekte, hoe hulle hul aanpas by al die omstandighede waarmee hulle te doen kry, hoe die termiete byvoorbeeld hul neste van “lugreëling” voorsien en hoe hulle inderdaad met hout boer, is net te wonderlik om kortliks te kan beskryf. Hierdie was voorwaar ‘n lekker praatjie om by te woon en dit laat ‘n mens weer met nuwe insigte na eenvoudige en alledaagse goed kyk!

Turner’s corner

I am one of the members who are not keen on having meetings on Saturdays due to the fact that it

is about the only day that I realy have to do things around the house. The last turner's meet, on a Saturday, nearly convinced me that these meets can be benificial. This was mainly due to the fact that we could get a member of the Johannesburg Turners to give us some fresh ideas, this time around, mainly on finishing and a little bit on design. I was very impressed with these new viewpoints. The demonstrated finishing was of a very high standard. I believe that Lou's article on this meet will give crdit to where it belongs.

DRAAIERSBYEENKOMS 20 JUNIE 2009

Mens kan hierdie maar 'n Vadersdag-byeenkoms noem, al was dit een dag te vroeg. Die draaiers het weer soos met ons vorige Saterdag-vergadering, in 'n groot getal (25 + 2 gaste) opgedaag, die koue ten spyt. Die byeenkoms is in Dries du Toit se werksplek gehou en Willie de Wet het vooraf die gebruiklike administratiewe sake afgehandel. Vir die draaiers wat nie daar was nie, kan dit kortliks soos volg saamgevat word:

1. Die verwelkoming van almal teenwoordig en veral ons gas, Dries Blignaut, van die Witsklub.

2. Julie se verjaarsdagwense aan Jan van Oudtshoorn (23ste), Willie de Wet (28ste) en Reinald Böhringer (30ste).

3. Verslag oor ons besoek aan die Nutsmanklub in Pietersburg/Polokwane - 30 en 31 Mei.

4. Ons volgende vergadering is Woens 22 Julie om 18:00 by Piet Smith. Sy adres is Helderkruin Singel 25, Woodhill Estate. 'n Kennisgewing met padkaart sal later aan draaiers gestuur word.

5. AWSA - 14 van ons lede gaan DV die kongres in Pietermaritzburg vanaf 3 tot 5 Julie bywoon.

6. Nick Agar, die besoekende draaier vanuit Engeland sal DV 17 Julie by ons groep 'n demo lewer. Die koste is R70 per lid van ons Vereniging en R100 vir 'n nie-lid. Die byeenkoms begin om 14:00 in die werkswinkel van Carel van der Merwe, Matroosbergweg 31, Ashlea Gardens. Draaiers sal ook hieroor per kennisgewing herinner word.

7. In 'n bespreking oor die moontlike aanbied van die AWSA-kongres vir 2010, word in beginsel besluit om saam met die draaiers van Johannesburg te werk om so 'n kongres aan te bied. Twee van ons lede, Reinald Böhringer en Piet Smith, is gewillig om saam met die ouens van Johannesburg op so 'n reëlingskomitee te dien.

8. Meesterklas deur Nick Agar - drie van ons lede stel daarin belang om saam met drie lede van die Witsklub 'n meesterklas-aanbieding van Nick by te woon. Dit sal op Donderdag 16 Julie by die klubvenue van die Witsgroep gehou word. Indien daar nog van ons lede is wat in hierdie meesterklas belangstel, kan julle met Willie de Wet skakel. Die koste is R750-00 per persoon.

9. Huiswerk vir Julie is enige mooi draaistuk volgens jou keuse, wat slegs tussen senters gedraai is.

Na afhandeling van bogenoemde adminstratiewe sake, is die huiswerk bespreek. Hierdie maand se bydraes was maar skraps. Die meeste van ons het darem kom kyk. Kobus Mostert was die enigste wat 'n portretraam (ons amptelike huiswerk) gedraai het terwyl Andrew weer die kalklig met sy geperforeerde stukke gesteel het. Piet Smith het weer eens verras met 'n nuwe vorm en patroon vir sy pepermeul en Willie het, ondanks sy Durban- en Botswana-toer, tyd ingeruim om twee groot boekenhout-flesse te draai. Dis nou 'n goeie voorbeeld vir die meeste van ons.

Na 'n lekker beker koffie/tee tydens pouse, is Dries Blignaut aan die woord gestel. Hy is 'n lid by die Witsklub en is bekend vir sy netjiese afwerking op draaistukke. Dit was juis n.a.v. 'n versoek deur ons lede vir 'n ernstige sessie oor afwerking, dat Piet Smith met die briljante idee vorendag gekom het om vir Dries na ons toe te nooi. Op daardie stadium het ons nog nie besef HOE briljant die voorstel was nie, maar nou weet ons. Dries het op sy manier die appelkar omgegooi en ons weer wyer laat kyk vir en dink oor afwerking. Sommige van sy idees word gereeld deur At en Roger verkondig, maar dit was goed om dit weer van iemand anders buite ons groep te hoor. Verder het hy ons op 'n baie praktiese wyse weer met Danish Oil en "white

spirit" laat kennis maak. Dit het 'n nuwe horison vir die meeste van ons oopgemaak wat beslis nagevolg gaan word. Sommige "ou" hande wou egter nie aan alles byt nie en sal op hulle gebaande en bewese weë voortgaan. Nogtans was dié sessie 'n hoogtepunt wat ons nog lank sal onthou, veral die stukke met hul besondere afwerking wat Dries uitgestal het. Die Jakaranda-fles met sy 2200 pirografié-blokkies het ons seker die meeste beïndruk.

Dries Blignaut wou geen betaling vir sy moeite hê nie, maar het ingewillig om saam met ons 'n stukkie braaivleis, brood en slaai te nuttig. Dries du Toit het die vuur voorsien en ons ander het begin mandjies uitpak. Toe kom daar 'n gedruis soos van baie waters, en die volgende oomblik neem Margaret, Dries se wederhelf, heeltemal oor en dis net tafeldoeke, blomme, servette, knoffelbrood met botter en slaaie waar jy kyk. Na die ergste skok met 'n glasie kalmeermiddel afgesluk is, kom sy met borde en borde koeksisters tevoorskyn. Dit was 'n onvergeetlike gesig en een waaroor ons nie genoeg dankie kon sê of uitgepraat kan raak nie. Arme Dries du Toit het net skaam/skuldig geglimlag terwyl hy ons almal se kyke moes verduur. Dries Blignaut het egter die idee gekry dis maar hoe dit met ons Saterdag-byeenkomste gaan. Dalk kan ons hom oortuig om by ons groep aan te sluit.

Turners next meeting - 22 July, 18:00 at the workshop of Piet Smith of 25 Helderkruin Single, Woodhill Estate. His telephone numbers are 012-993-2720 and 082-456-8372. An e-mail with a map to Piet's workshop will be sent out later. Homework is any item turned between centres.

Dries Blignaut besig om 'n Olienhoutbakkie met Carnuba-waks te poleer.

'n Deel van die draaihuiswerk met Andrew se 3 items op 'n ry en Kobus se olienhoutbakkie en portretraam.

(Die vorige twee foto's is deur Lou. Paul Robberts het ook foto's geneem en hier is daarvan om sommige van Dries Blignaut se werk te wys.)

Dries Blignaut se werk. (Hierdie afwerking is nastreefbaar!)

Innovative design elements with excelent finishing.

BESOEK AAN PIETERSBURG NUTSMANKLUB

Gedurende die naweek van 30 Mei het 'n groepie draaiers, onder aanvoering van Willie de Wet, 'n besoek in Pietersburg by bogenoemde klub afgelê. Die doel daarvan was om draaiwerk in die algemeen asook hulp en morele steun aan 'n paar draaiers in Pietersburg te verleen. Dit was die tweede poging vanuit Pretoria om uitvoering te gee aan Willie de Wet se "*Visie en Missie*" om mee te werk aan die uitbreiding van 'n belangstelling in draaiwerk onder die algemene publiek in Suid-Afrika. Die eerste poging was tydens 'n groep draaiers se besoek aan Leeupoort 'n maand of wat tevore.

Lede van die Nutsmanklub het die aanbod vanuit Pretoria baie vinnig aanvaar om saam te val met hulle deelname aan 'n **Opedag** van Builders Warehouse in Pietersburg. Met Reinald se Ventertjie vol gelaai en aan Leon Langenhoven se Prado gehaak, het ons baie vroeg daardie Saterdag-oggend in die pad gespring. Die ander lede van ons vyflid-groep was natuurlik Willie, Leon Wolmarans en die uwe. Die nutsmanne het vir ons die stalletjie reg by die hoofingang van Builders Warehouse ingerig - alles onder geel seildakkies. Die twee draaibanke, wat ons self vir die demo's voorsien het, is op die punte ingerig, weerskante van 'n uitstalling van ons eie draaistukke op twee tafels.

Die publiek se belangstelling was goed en die vrae, soos gewoonlik, menig. Willie en David se draaistukke het die meeste aandag gekry en het talle besoekers met verwondering gelaat oor die kuns om sulke mooi draaistukke te produseer. Reinald se spintoppe, Leon se kersboompies en Leon Wolmarans se bakkies met hul natuurlike rand het ook groot belangstelling gewek, om van Willie se armbande nie te praat nie. Wat vir die toeskouers baie fassinerend was, was om telkens verras te word met 'n klein "geskenkie" wat so pas daar voor hulle oë gedraai is. "Dis baie indrukwekkend, en sommer so op 'n klein draaibankie", het bykans almal gesê.

Later daardie dag het ons by een van die klublede se werksplek ons demo's voortgesit. Dit was meer gemik op tegniek en nuwe gereedskapstukke. Die vrae en antwoorde was ook meer tegnies en op 'n

ander vlak as vroeër die oggend. Dit kan beklemtoon word dat hierdie mense honger is vir hulp, ondersteuning en nuwe idees. Hulle wil graag meer gereeld met ons hier in Pretoria skakel en ons het onderneem om hulle daarmee by te staan.

Gelukkig het ons besoek saamgeval met die klub se jaarlikse klubete en ook die viering van hul 25ste verjaarsdag. Ons was toe bevoorreg om daarin te kon deel en saam te vier. Elkeen van ons groep kan getuig van die wonderlike gasvryheid en vriendelikheid wat ons ervaar het. Almal het uit hulle pad gegaan om ons terwille te wees. Sover dit die eet en drink betref, kan dit met twee woorde uitgespel word: **oordadig lekker**. Willie gaan sukkel om volgende keer die groepie klein te hou want meer van ons lede wil nou saamgaan.

Leon konsentreer op sy snybytel se punt terwyl Willie die besoekers se vrae beantwoord.

Ons stalletjie met sy drie dakkies en breë naambord.

'n Paar van ons uitstalstukke met David se mooi pot heel voor.

Reinald diep in gedagte oor sy volgende aksie.

Where to find it

Paul Roberts has now completed our own “Yellow Pages”. For the electronic people , I am posting it per seperate e-mail. For snail mail members, it is included with this Tambotie. Please try and keep it up to date by making contributions to Paul as we go along! **(Thanks Paul!)**

Advertensie

John Snyman wil die meeste van sy hout en sommige van sy gereedskap verkoop. Daar is baie Rooshout en groot stukke Rooi Ivoor. Stukke Swarthout, Mingerhout planke, min Geelhout, Kiaat en verskillende blokke vir draaiwerk, bv. Tambotie.

Hy wil ook sy groot Spartan 600 Draaibanken sy 6dm vlakskaaf verkoop.

Vir verdere besonderhede en ‘n afspraak vir besigtiging, skakel John by 082 465 8770.

Namelist:Woodworking Association of Pretoria

It seems as if people out there are misbehaving by wrongfully using our namelist to send unwanted e-mail to our members. It is not clear how they get hold of the namelist, but they do and make pests of themselves. All our members should treat the namelist as a private document, not to be given to all and sundry. By doing so we can proect our members from phising etc. Thank you for your co-operation.

No cabinet makers contribution for this month.

Redaksie

Redakteur: Louw Trichardt

Adres: Posbus 50606, Wierdapark, 0149

Telefoon: 012 653 1874

E-pos: louwmarie@icon.co.za